

**Woensdag 8 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 8:18-22**

**Fokusgedeelte: Matteus 8:19**

### **Ware dissipelskap verg toewyding en opoffering**

**D**aar word talle kere in die Bybel verwys na dissipels of dissipels van die Here. Dit is belangrik om te weet dat 'n dissipel iemand was wat 'n volgeling van iemand anders was. Hy het daardie persoon gevolg omdat hy daardie persoon se leer wou bestudeer; hy het in daardie persoon se leer geglo. Al het Christus sy dissipels gekies, is dit wat hulle gedoen het.

In ons Skrifgedeelte kry ons met twee mense te doen wat graag ook dissipels van Christus wou word. Wanneer Christus die opdrag aan die dissipels gee dat hulle moet vertrek, kom 'n skrifgeleerde en verklaar (vs 19): "Meneer, ek sal u volg waar u ook al gaan." Dit is presies die bedoeling van wat 'n dissipel doen.

Maar besef die skrifgeleerde wat hy sê? Weet hy wat dit beteken om Christus se volg? Dit is moeilik. Christus se antwoord in vers 20 laat hom besef dat dit nie aldag maklik is nie. Daar word gedurig getrek van een punt na die ander. Daar is verwerping by alles wat Christus meemaak, betrokke: geen plek by die herberg, verwerping uit Gadara (8:34), Galilea verwerp hom (Joh. 6:66), en so is daar talle voorbeelde. Uiteindelik beleef hy die verlating van God self in Matteus 27:23.

Om Christus te volg, vra opoffering. Meer nog, dit vra ook toewyding. Een van die ander volgelinge wil eers sy vader gaan begrawe. Vanuit Christus se antwoord is dit duidelik dat daar altyd iemand anders is wat dit kan doen. Om Christus te volg, vra toewyding.

As ons graag dissipels van Christus wil wees, vra dit opoffering, dit beteken soms swaarkry, verwerping en selfs vervolging. Dit vra onvoorwaardelike toewyding aan Hom, selfs al gebeur daar soms dinge wat dit moeilik maak. Sorg dat jy bereid is om op te offer en om toegewyd te wees as dissipel van ons Here, Jesus Christus.

*Sing: Skrifberyming 17-1:6*

*Ds. N Boy (Neville) (Thabazimbi)*